STILET
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573
STILUS

# sestig met gesigte in gestig

Hennie Meyer

Wie is die man
wat mal raak
by die BP vulstasie
met ‘n vuurhoutjie

en Ina
wie is die Jan

o lag
Adam Small

wens hy kan

tussen die kussings
Met Olga Kers
En Sheila Cussons

dalk raak hulle gewoond
aan mekaar se oond

sies

gee vir Lina spies

skies

en waarom dan die gedigte
vir Elisabeth Eybers

STILET
STILUS Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573

en Ernst
gans te ernstig
gooi die bene in die lug

Breyten
wil na stok in stroom
en ander lande

en Uys
het u ‘n ander sy

soos Blum
verbloem in blom

wat maak jy by Drienankerbaai
met die drankie

indringer in die see
o gonna nee

netnou is die haai daar
van die fliek van die seventies

of verdwyn ek soos Pinocchio
in ‘n walvis

julle kan maar jul kroonprinses
vir julleself hou

dankie